Ges. 21: 1, 3.
" 29: 2, 3
" 68: 6, 7.

# Vrae van God en mens.

Lukas 12: 54 - 13: 9

[Alkp 31 Jan. 1960.

Luk. 13: 4 - Of daardie agtien op wie die toring van Siloam geval en hulle gedood het - dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon?

Die ontsettende mynramp by Coalbrook het die gemoedere van duisende in beroering gebring, tonge laat losraak en baie vrae laat vra: vrae wat mense aan mekaar gestel het, maar ook vrae wat mense aan God gestel het. Sommige vrae het getuig van diepe twyfel in Gods regverdige bestuur, ander van 'n ernstige soeke om die wil v. God te verstaan, terwyl 'n derde groep se vrae eintlik 'n aanklag was teen God: Hoe durf God so iets toelaat of doen?

Dit spreek vanself dat so 'n skokkende gebeurtenis die mens tot stilstand en selfondersoek sal dwing - soos tydens Kt. se aardse lewe die skokkende gebeure van Pilatus se optrede om 'n klompie Galileërs opstandelinge te dood terwyl hulle besig was om te offer in d. tempel // asook d. dood van 18 man in Jerusalem m. d. toring wat op hulle geval het. Uit nuu sulke dinge plaasvind begin die mens vra en sy antwoorde te soek by God omdat Hy reken: / dis God wat agter / hd. saak staan!

En nou d. wonderlike: dat God nie swyg nie maar dat Hy antwoord die wat wil luister en wag op sy stem! Wil beklemtoon: God het nie nodig om d. mens te antwoord nie - as Almagtige Skepper en as Alwetende Beskikker het Hy volle beskikkingsreg oor lewe en dood. Hy is aan geen mens enige verduideliking of verantwoording verskuldig nie. Alles is syne - ook d. lewe v.d. mens, en Hy kan daarmee maak wat Hy wil en soos Hy goeddink.

Die mens, sondige, eiegeregtige, verblinde dwaas, het dus geen reg om God aan te kla or te sê: „Verduidelik asseblief: wat maak U? Hoekom U?"

God het nie nodig om te antw. nie — en tog doen Hy dit, met 'n lankmoedigheid, 'n verdraagsaamheid wat ons verbaas!

Mr. laat ons terugkom na die vrae:

① Is dit 'n God van liefde wat so 'n ramp toelaat?

Dis 'n verstaanbare vraag, 'n vanselfsprekende vraag — as ons dink aan die spanning en hartseer van d. dierbares van die 435 man wat onder in d. diepte v.d. aarde vasgeval is. Dis ook 'n bekende vraag — die vr. wat in tye van oorlog, hongersnood, watersnood, ander rampe gevra word as ons dink aan duisende en miljoene onskuldiges wat moet boet en betaal vir ander se sondes. Dis die vraag waarmee Job geworstel het in sy eensaamheid, die vr. van Gods skynbare hardvogtigheid, onregverdigheid, liefdeloosheid!

En God — wat antw. God? God verduidelik nie, Hy verdedig nie — Hy antwd d. mensdom deur 'n daad v liefde wat so oorstelpend is dat wie eenmaal d. omvang v d. diepte van dd. liefde probeer peil het — daarna nooit meer waag om te kan sê: God is nie liefde nie! God antwoord deur sy eie, Eniggebore Seun, te stuur om hier onder mensehande die wreedste vernedering te verduur, die bitterste lyding onverdiend te ondergaan, d. grootste onreg van alle tye te ondervind — alles om d. mens te oortuig: God is liefde! „So lief het God d. wêreld gehad ...."

En nou al verstaan ons nie Gods weë nie, mag ons nooit meer sê: God is nie liefde nie — want d. hoogste bewys daarvan staan voor ons!

② As God dan die ramp vooruit bestem het, watter sin het dit dan om nog te bid dat die manne gered moet word? Die redenering van baie loop ongeveer so: Kyk, God beskik alle dinge. Nou het God beskik dat 435 man sal vasval in die myn en dat hulle moontlik sal sterwe. As God alles nou so vooruitbepaal en beskik en laat plaasvind het, wie is ons dan nou om vir God te kan sê deur ons gebede: Verander asseblief u plan!

Hd. vraag raak twee groot waarhede v Gods Wd. wat vir ons nog altyd in geheimenis gehul is: ① Dié v.d. voorbeskikking van God ② die rol wat gebed speel in d. lewensgange v.d. mens.

Mr. laat ons dadelik daarop wys dat die vraag uitgaan van 'n verkeerde veronderstelling: nl. dat die ramp deur God beskik word, mr. dat d. gebede wat na d. ramp opgaan nie ook deur God beskik en gebruik word, ingesluit word in sy groot verborge Raadsplan nie! Mense wat so redeneer vergeet: dieselfde God wat gemeet het dat hd. ramp sou plaasvind, het ook gemeet en bepaal en beskik dat duis. gebede sou opgaan — en Hy weet wat dd. gebede beteken nie net vir hulle wat deur d. ramp getref is nie, mr. ook vir hulle wat bid! Gebed, ware gebed, bring altyd 'n dubbele seën: vir beide bidder en die vir wie gebid word!

③ Is dit nie Gods straf op persoonlike sonde nie? Dit was d. argument v.d. Jode: hd. Galileërs het seker baie swaar gesondig — daarom swaar gestraf! En toe antwd Xtus en sê aan d. Jerusalemmers wat so praat: En

die manne uit julle midde – was hulle ook groter skuldenaars as die ander inwoners van Jerusalem? En toe in Joh. 9 sy disc. Hom gevra het (blindgeborene): „Wie gesondig – hy of sy ouers?" – onthou u wat Jesus geantwoord het? Moet nooit dink dat ongeluk of ^saak of ramp noodwendig d. gevolg is van pers. sonde nie!

Mr. God het ook 'n paar vrae gestel: hulle was nie in 'n Koerant nie; ~~mr.~~ God hulle so stilweg gestel:

① Erken julle my almag in die Skepping: Julle wat die kragte v.d. natuur wil bemeester, julle wat julle beroem op julle wonderlike vooruitgang v beskawing: buig julle nog voor my Almagtige, my Almag, my majesteit? Bely julle julle swakheid en nietigheid – of leef julle voort in die waan van eie slimheid en geleerdheid en grootsheid?

② Wat het die naaste aan julle harte gelê: die redding van die mense se liggame of hulle siele? O ja. God vermag dat ons sal bid en alles sal doen om hulle kwes te red: mr. is dit by ons hoofsaak? Of het ons ho al gevra: dat hulle bereid sal wees om u o God te ontmoet? Dat hulle u, Xtus Jesus, ken as hulle Verlosser en Voorspraak by God? (Natuurlik van Mosambiek).

③ 'n Baie pers. vr. – 'n baie direkte vraag: Is u gered – en gereed? As u netnou, môre, volgende maand sou sterwe: Kan u sterwe in vrede? – Ek stel die vraag



nie om u op loop te ja nie: ek stel dit omdat Xtus dit gestel het in sy ernstige waarskuwing aan sy gehoor:

„Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom"

Ons stel die vraag in die Naam van Jesus Christus wat verlang dat elkeen tot Hom sal kom – en ons laat die antwoord op al 3 vrae aan u oor! Onthou:

Die mens vra – en God antwoord.

God vra – ~~wat~~ antwoord die mens?

Mr. daar is ook 'n groep wat nie gevra het nie – nie omdat al hulle vrae beantwoord is nie, mr. omdat God hulle al geleer het dat daar 'n groter verantwoordelikheid is as die om te vra: dis hulle wat in stilte buig en glo en dank – ook temidde van alle rampe en beproewinge – omdat hulle die geloofstaal van 'n Job verstaan toe hy in d. nuus van ramp op ramp kon sê:

Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!

Amen.